higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 4

15 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Onwaar
1.3 Waar
1.4 Waar
1.5 Onwaar
1.6 Onwaar
1.7 Waar
1.8 Waar
1.9 Waar
1.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 E
2.2 K
2.3 G
2.4 A
2.5 C
2.6 M
2.7 F
2.8 D
2.9 H
2.10 L

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 Die regering/Openbare verkryging
3.2 Pyplyn
3.3 Logistiekbestuur
3.4 Verspreider
3.5 Logistieke spilpunte/depots

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 4.1.1

- Bevorder die proses van transformasie en herstrukturering van die nasionale landvervoerstelsel wat deur die WNLV geïnisieer is
- Gee uitvoering aan die nasionale beleid
- Stipuleer nasionale beginsels, vereistes, riglyne, raamwerke en nasionale norme en standaarde wat eenvormig in provinsies toegepas moet word
- Konsolideer landvervoerfunksies en plaas dit in die regeringsfeer

(Enige 1 × 2)

4.1.2

- Reguleer die toestaan van permitte
- Maak voorsiening vir spesiale noodmaatreëls
- Formuleer sekere oortredings
- Wysig die Wet op Nasionale Landvervoer
- Maak voorsiening vir aangeleenthede wat daarmee verband hou
- Maak voorsiening vir transformasie in die oorgrenspadvervoerbedryf (Enige 1 × 2)

(2 × 2) (4)

4.2 Hulle loop die risiko om nie aan regulasies te voldoen nie, sodat hulle winsgewend kan wees. (1)

4.3

- Kliënt
- Werknemer
- Die eienaar (1)

4.4

- Kliënt - kan gebrekkige goedere ontvang of selfs glad nie goedere ontvang nie
- Werknemer - kan indiensneming verloor as gevolg van die sluiting van die maatskappy
- Die eienaar – kan besigheid verloor en selfs tronkstraf op die hals haal (2)

4.5

- Goeie waarde vir geld
- Billike, mededingende en deursigtige verkrygingstelsel
- Koste-effektiewe verkrygingstelsel
- Goeie bestuur/staatsbestuur
- Nultoleransie vir korrupsie in die staatsdiens
- Bieërs wat by die voorgeskrewe belastinginvorderingbeleid hou

(Enige 3 × 2) (6)

4.6
- Tendersamestelling:✓ Wanneer 'n tender saamgestel word, is daar baie belangrike aspekte om in ag te neem soos algemene en spesiale kontrakvoorwaardes, tipes kontrakte, taal en duidelikheid van dokumente, inspeksies en belastingklaring.✓✓
- Tenderuitnodiging:✓ Tenderuitnodigings word gewoonlik geadverteer deur middel van publikasies in die Staatstenderbulletin.✓✓
- Besluit om te tender: Sodra die versoek vir voorstelle ('RFP') besigtig is en, waar nodig, die verpligte vergadering bygewoon is, moet 'n besluit deur die maatskappy geneem word om te tender of nie.
- Tendervoorlegging: Sodra die besluit geneem is om 'n tender in te dien, moet jy kennis neem van die adres waar die tender afgelewer moet word en die spertyd.
- Beoordeling: Die beoordelingsproses kan by die onderskeie instellings verskil, maar volg gewoonlik dieselfde stappe, d.w.s. opening en aantekening van tender, tenderbeantwoording, prysbeoordeling, prosesbeoordeling, risiko-analise, puntetelling-opsomming en bevestiging van ontvangs/aanvaarding.

(Enige 2 × 3) (6)

4.7
- Durban-hawe
- Kaapstad-hawe
- Port Elizabeth-hawe
- Saldanhabaai-hawe
- Mosselbaai-hawe
- Oos-London-hawe
- Ngqura-hawe

(Enige 3 × 1) (3)
[23]

VRAAG 5

5.1 5.1.1
- Padvervoer
- Spoorvervoer

(2)

5.1.2
- Die reg op onderwys
- Vryheid van assosiasie

(Enige gepaste 2 × 2) (4)

5.1.3
- Om as 'n vyfjaarraamwerk vir geïntegreerde grondgebruik- en vervoerbeplanning te dien
- Om te dien as 'n bemiddelaar van grondgebruik- en vervoerbeplanningsaspekte soos deur die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) 2030 bepaal word
- Om die rigtinggewende beginsels te verskaf, wat verskeie vorme van landvervoer binne die beplanningskonteks van die NOP integreer en wyer relevante nasionale wetgewing en beleid ondersteun
- Om duidelikheid en sekerheid te verskaf oor die vervoerbeplanningsprioriteite om doelmatige besluitneming oor programme en inisiatiewe op alle regeringsvlakke moontlik te maak
- Om vervoer met volhoubare ekonomiese ontwikkeling en universele toeganklikheid in lyn te bring
- Om koördinasie tussen die verskillende sfere van regering te verhef (3 × 2) (6)

5.1.4
- Openbare Vervoerstrategie en Aksieplan
- Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP)
- Nasionale Leerdervervoerbeleid
- Witskrif oor die Nasionale Spoorbeleid 2022
- Nasionale Vervoer Meesterplan 2050 (NATMAP 2050)

(Enige 4 × 1) (4)

5.2
- Gauteng-Durban-deurgang
- Kaapstad-Gauteng-deurgang
- Gauteng-Beitbrug-deurgang
- Gauteng-Maputo-deurgang (4)

5.3 Die dokument word slegs gebruik wanneer 'n verpligte terreininspeksie op 'n spesifieke tender van toepassing is en moet deur alle tenderaars voltooi word. (2)

5.4 5.4.1
- Verbeter die doeltreffendheid van die besigheid
- Ontgin besigheidsgeleenthede
- Verbeter hulpbronbenutting
- Verhoog kliëntetevredenheid (Enige TWEE)

5.4.2
- Elimineer foute.
- Verseker korter reaksietye en verbeter dienslewering.
- Verbeter beplanning en skedulering van hulpbronne wat lei tot kostebesparings.
- Verseker dat terugvoer van kliënte vinniger geïnkorporeer word.
- Verbeter die mededingendheid van die besigheid.

(Enige TWEE)
(2 × 2) (4)

[26]

VRAAG 6

6.1 'n Kleinhandelaar koop goedere van óf die vervaardiger, verspreider óf groothandelaar en verkoop dit aan kliënte. (2)

6.2
- Die regte produk
- Aan die regte kliënt
- In die regte hoeveelheid
- In die regte toestand
- Op die regte plek
- Op die regte tyd
- Teen die regte prys (Enige 3 × 2) (6)

6.3
- Verbeter reklame en bemarking
- Verkoop in gebiede wat nie voorheen gedek was nie
- Verhoog kliëntetevredenheid deur produkkwaliteit te verbeter
- Verlaag die prys tot 'n vlak wat laer is as die mededingers se pryse
- Bied winsgewende verkoopsvoorwaardes of krediet, wat potensiële kliënte kan lok om die produk te koop (Enige 4 × 1) (4)

6.4
- Hoeveelheid goedere verkoop
- Prys waarteen goedere verkoop word
- Totale voorsieningsketting (3)

6.5
- Salarisse
- Reiskoste
- Internet-uitgawes
- Telefoon
- Akkommodasie
- Advertering
- Water en elektrisiteit
- Huur van geboue
- Onderhoud
- Versekering
- Sekuriteit
- Lisensies
- Opleidingsfooie
- Tolgelde
- Diverse uitgawes (Enige 2 × 1) (2)

[17]

VRAAG 7

7.1 **INKOMSTESTAAT VAN KAGISHO-VERVOERDIENSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2023**

Verkope		✓6 000 000
Min: Koste van verkope		✓(2 500 000)
Bruto wins		✓3 500 000
Min: Uitgawes		✓(1 500 000)
Salarisse	✓550 000	
Brandstof	✓900 000	
Tolgelde	✓25 000	
Elektrisiteit	✓13 000	
Telefoon	✓7 000	
Skryfbehoeftes	✓5 000	
Netto wins		✓2 000 000

(11)

7.2
- Strategiese bestuursplan:✓ Dit is op die maatskappy se missie en visie gebaseer en dien as 'n gids aan topvlakbestuurders oor die langtermynplan.✓
- Taktiese bestuursplan:✓ Dit ondersteun strategiese planne deur die doelwitte van die strategiese planne wat op die onderskeie areas of departemente binne die maatskappy van toepassing is, te interpreteer.✓
- Operasionele bestuursplan:✓ Dit is gewoonlik gefokus op die spesifieke prosedures en prosesse wat op die laagste vlakke van die maatskappy uitgevoer word.✓ (3 × 2) (6)

7.3
- Verseker dat skaalbesparings verwesenlik word deur die produksie van goedere in groot hoeveelhede te fasiliteer
- Verseker dat skaalbesparings verwesenlik word deur die verskeping/vervoer van goedere in groot hoeveelhede te fasiliteer
- Fasiliteer die onderhandeling van verlaagde pryse deur maatskappye in staat te stel om strategieë vir grootmaataankope te gebruik
- Verseker dat 'n konstante toevoer gehandhaaf word om te verhoed dat daar 'n tekort aan voorraad is
- Verseker dat daar aan markvraag voldoen word en dat vraag en aanbod sinchroniseer. (Enige 3 × 2) (6)

7.4 'n Interne kliënt is iemand in die organisasie,✓✓ terwyl 'n eksterne kliënt enigiemand van buite die organisasie is.✓✓ (2 + 2) (4)

[27]

VRAAG 8

8.1 8.1.1 Wanneer meer goedere ingevoer word as wat uitgevoer word

8.1.2 Die verskil tussen die waarde van goedere en dienste wat uitgevoer word en die waarde van goedere en dienste wat ingevoer word

(2 × 2) (4)

8.2
- Bief
- Avokado (2)

8.3
- Namibië
- Botswana
- Zimbabwe
- Lesotho
- Mosambiek
- Swaziland (Enige 4 × 1) (4)

8.4
- OR Tambo Internasionale Lughawe
- King Shaka Internasionale Lughawe
- Kaapstad Internasionale Lughawe (3)

8.5 Om 'n voertuig en/of sy vrag enige tyd op te spoor en die inligting wat verkry word te gebruik om ander prosesse stroom-af te beplan (2)

8.6 Enige interaksie tussen 'n personeellid en 'n maatskappy✓ wat 'n positiewe uitwerking op die persepsie van die kliënt kan hê,✓ bv. (enige relevante voorbeeld)✓✓

(2 × 2) (4)

8.7
- Verbeter mededingendheid
- Die vestiging van effektiewe kliëntediensmeganismes
- Ontwikkel en handhaaf organisasiewye fokus op klante
- Verminder van bemarkingskoste
- Verhoog die behoud van kliënte
- Verhoog diensdoeltreffendheid
- Verminder klagtes
- Verbeter dienste en aanspreeklikheid
- Ontwikkel kliëntlojaliteit
- Beter gesindheid ten opsigte van klagtes wat met verbruikershandelwette verband hou
- Meer gemaklik daarmee om kliënte te hanteer (Enige 4 × 2) (8)

[27]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou